

**11 April**

Skrifgedeelte: 2 Kronieke 25

Fokusgedeelte: 2 Kronieke 25:11-24

## Die Here duld dit nie dat ons ander gode vereer nie

Dit lyk of oorlog maak vir Amasia 'n speletjie was. Hy besluit om oorlog teen die Edomiete te maak en huur sommer 100 000 soldate van Israel. Uiteindelik gaan hy sonder sy huursoldate en behaal tog die oorwinning. Hy laat gooi die oorlewendes van die vyand by 'n krans af. By die huis gekom, soek hy skoor met Israel. Hy laat weet hulle koning: "Kom ons veg teen mekaar." Hy wat deur die swaard leef, sterf egter ook deur die swaard. Die koning van Israel vang en verneder Amasia, plunder die tempel en breek 'n deel van Jerusalem se muur af. Uiteindelik is daar die een na die ander aanslag op Amasia se lewe totdat hy in Lagis (NAV: Lakis) vermoor word. Amasia was sy pa se kind. In 2 Konings 14:3 lees ons dat hy alles gedoen het wat Joas, sy pa, gedoen het. Hy het ook goed begin, maar met afgodery geëindig. Hy het die afgode van die einste Edomiete wat hy verslaan het, vir hom opgestel as gode. Soos sy pa, wou hy nie na die profeet van die Here luister nie. Hy het die profeet met die dood gedreig.

Die Kroniekeboek vertel keer op keer hoe die Here bereid is om konings hulle sondes te vergewe. Daar is een ding wat Hy egter nie duld nie, en dit is as iemand sy hart aan 'n ander gee. Dit, en nie sy oorlogspeletjies nie, is die eintlike rede vir Amasia se eerlose einde. Amasia het die gode van Edom gedien (25:15 en 20).

Eintlik is daar net één gebod: Jy moet die Here jou God liefhê en Hom alleen dien. Alle ander gebooie vloei daaruit voort.

Sing: Psalm 31:4

Prof PP Krüger (Teologiese Skool Potchefstroom)